

**12 Augustus**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 1:1-14**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 1:1**

**Christenskap is nuut en anders**

Jesus Christus was die beloofde Joodse Messias gewees, en Hy moet in die lig van die Ou Testament verstaan word.

Maar as gevolg van sy daade as die Messias was daar terselfdertyd ook iets heeltemal nuut aan die gebeur. Die boodskappers van God se Woord word vervang met die Here Jesus Christus self! 'n Verhouding soos wat die volk voorheen met die Here gehad het, was eenvoudig nie meer moontlik nie. Gelowiges kon nie maar net Jesus by al die Ou-Testamentiese godsdienstige gebruike voeg nie. Eers was hulle getrouheid teenoor God getoets aan hulle gehoorsaamheid aan die wet. Maar nou, met die koms van Jesus is die tempel, al die offers en feeste skielik nie meer nodig nie! Heel te verstane het hulle gewonder wat nou gebeur wanneer hulle God se wet verbreek.

Dit is net so waar dat ons as gelowiges ook nie maar net Jesus kan byvoeg by die geskiedenis waaruit ons kom nie. Ons weet almal dat ons nie maar net 'n bietjie Christelikheid oor ons andersins sondige lewe kan sprinkel nie. Dit is daarom goed om weer daaraan herinner te word dat Christenskap iets heeltemal nuuts en anders is. Ons lewe in 'n tyd waar onbetrokkenheid en eie voordele 'n hoë waarde het. En dikwels voel ons vasgevang binne ons kulturele agtergrond of die manier waarop ons nog altyd gedink het en teenoor ander opgetree het.

Dié gedeelte vra ons vandag om totaal nuut te dink. Probeer verstaan wat dit beteken om 'n lewe te leef wat gerig is deur Jesus Christus. Wat dit beteken as Jesus Christus 'n heeltemal nuwe verhouding verlang wat gekenmerk word deur ons eie betrokkenheid, liefde en gehoorsaamheid.

*Sing: Skrifberyming 4-8:1, 2*

*Dr J Lion-Cachet (Klerksdorp)*